

# ONWETTIGE SIGARETTE TER WAARDE VAN R18 MILJOEN SAL VERNIETIG WORD

**Kaapstad, 8 April 2021** - Verskeie regeringsdepartemente wat die invoer en uitvoer van onwettige sigarette beveg, sal op Vrydag 9 April 2021, 12 miljoen onwettige sigarette, met 'n markwaarde van R18 miljoen, in Kaapstad vernietig.

Die vernietiging sal om 08:00 plaasvind by die staatspakhuis te 9 FW de Klerk Boulevard, Kaapstadse voorstrand.

Die sigarette sal op die perseel gesnipper word met die in agneming van die nodige gesondheids- en veiligheidsprotokol. Die afval sal dan deur 'n vervoerband oorgedra word na spesiale trokke en onder toesig verwyder word na 'n veilige stortingsterrein.

Die onwettige sigarette is gekonfiskeer in verskeie bedrywighede, insluitend die beslaglegging van 'n 40-voet laaikas wat die land ingesmokkel is en valslik as 'n ander kommoditeit verklaar is.

Die kragtige optrede teenoor onwettige invoere en uitvoere is 'n hoof fokuspunt van die regering ingevolge die beskerming van die interagentskapswerkgroep (IAWG) vir onwettige handeldryf, wat saamgestel is deur verskeie regeringsdepartemente en agentskappe.

Die IAWG fokus op onwettige klerasie, tekstiel, skoeisel, leer, infrastruktuur verkoop as skrootmetaal, asook tweedehandse motorvoertuie.

Die vernietiging van die onwettige goedere moet 'n sterk boodskap stuur dat die regering 'n benadering van geen toleransie ontwikkel het teenoor onwettige handeldryf en sal die publiek bewus maak van die skade wat hierdie goedere ons ekonomie en die gesondheid van ons mense berokken.

Sodanige onwettige bedrywighede vernietig die land se vervaardigingskapasiteit, wat wederkerig lei tot werkloosheid, ongelykheid en armoede. Onwettige invoere en uitvoere is ook 'n bron van befondsing vir misdaadsindikate.

Die bevegting van die kastyding van onwettige invoere en uitvoere is ook van groot belang omdat dit die inkomste wat SARS invorder verminder.

Die inkomste wat gegenereer word speel 'n belangrike rol in die instaatstelling van die regering om 'n bekwame staat te bou wat basiese dienste lewer aan arm en kwesbare individue en huishoudings, asook verligting aan werkgewers en werknemers gedurende die COVID-19-pandemie.